

FRANCISKA

StoryBox | Altydgedacht| Valleiskool

Wie is Ciska?

Franciska Klein is 'n 8 jarige, graad 2-leerling in die Valleiskool op Altydgedacht. Sy is die jongste van 4 sussies (9, 11 en 13 jaar oud).

Meer oor die gesin en hul huis...

Pappa Marius is 'n voltydse- en Mamma Louwtjie 'n seisoenale werker op die plaas. Louwtjie dien op die beheerliggaam van die skool.

Die gesin van 6 bly in 'n stewige, baksteen-, tweevertrek huis op die plaas. Hulle deel 'n kamer. Daar is elektrisiteit en 'n buitetoilet. Die huis word voorsien van koue en warm water (sonverhitting) buite die huis.

Die StoryBox

Die projek by die Valleiskool word deur opgeleide vrywilligers in ons gemeenskap gedryf. Die doel is om leerlinge in die skool te help om hul volle akademiese potensiaal te bereik. Daar word gebruik gemaak van gestruktureerde programme, leerondersteuning en ook gratis dienste deur professionele persone in die gemeenskap. Die vrywilligers het dadelik ingespring om die familie te ondersteun met besoeke en etes terwyl Ciska se mamma onverpoos by haar bed waak.



FRANCISKA (8) ERNSTIG BESEER IN MOTORONGELUK

Op Vrydagmiddag, 19 Maart is Ciska Klein naby haar huis deur 'n motor raakgery. Sy is in 'n ernstige toestand per ambulans na die Rooikruis Kinderhospitaal vervoer, met hoof en nekblesings. Aanvanklik is vermoed dat sy ernstige breinskade opgedoen het en die ouers is voorberei dat sy nie langer as twee dae sou leef nie, maar die gemeenskap het begin bid, Ciska het begin veg en almal betrokke staan verbaas hoe die sy wonder bo wonder uitdagings oorkom.

Ernstige beserings

Ciska se nek is in die ongeluk gebreek (spinaalkoordbesering tussen servikale werwels 4 en 5), maar sy het geen breinskade nie. Sy is verlam van haar nek af, met te min beweging in haar diafragma om self asem te haal. Ciska is afhanklik van 'n ventilator vir asemhaling. Sy het bo verwagting onlangs self begin eet sonder om te verstik.





Finansiële hulp

Daar word tans aansoek gedoen vir 'n eis by die padongelukfonds.

Die StoryBox projek het 'n Trust rekening wat deur Laerskool Kenridge bestuur en geoudit word. Donasies word uitsluitlik gebruik word om behoeftige kinders in die Valleiskool by te staan. 'n Seksie 18A sertifikaat kan verskaf word vir enige donasies ontvang.

Bankbesonderhede:

Kenridge Primary School
 ABSA current account
 Account number: 1410149490
 Branch code: 632005

Ref: StoryBox **HULPFONDS**

Aangeheg is 'n volledige lys van behoeftes identifiseer.

Navrae

Twanette Acker
 0834444560
 acker@telkomsa.net

Ciska se urine-kateter moet elke 3 ure geledig word en rektale lediging moet daaglik geskied.

Ciska is op 24 April uit die Intensiewe Eenheid oorgeplaas na die Trageostomie-eenheid en ons is dankbaar dat sy binnekort sonder alternatiewe voeding ontslaan kan word. Ciska se ouers het aangedring dat sy nie uitgeplaas word na 'n inrigting nie, maar dat hulle haar self by die huis wil versorg. Mev. Klein ontvang tans intensiewe opleiding vir die groot taak wat voorlê en volgens die mediese span vaar sy uitstekend.

HULP BENODIG

Ciska sal intensiewe versorging nodig hê vir die res van haar lewe. Haar en haar gesin se behoeftes sal verander soos wat sy ouer en groter word.

Op 5 Mei is daar 'n tuisbesoek gedoen saam met lede van die span betrokke by Ciska se rehabilitasie by die Rooikruis Hospitaal. Daar is beraadslaag met die medici en terapeute en 'n lys is saamgestel van wat noodsaaklik sal wees om vir Ciska 'n veilige en gemaklike omgewing te skep om tuis versorg te word.

Sy sal nie hierdie jaar teruggaan skool toe nie, aangesien die winter voorlê en die risiko vir longinfeksie met die trageostomie groot is. Geskikte skoolplasing sal ondersoek word, maar ons hoop om haar tuis te ondersteun met die hulp en leiding van haar klasonderwyseres, ouers en vrywilligers.

Aangheg is 'n lys van benodighede. Kontak my asb. as u op enige manier kan help deur donasies, dienste verskaf teen 'n billike prys of persoonlike betrokkenheid van watter aard ook al.



BEHOEFTE

Ons benodig mense wie kan help met kennis, besighede wat dalk kan help met dienslewering teen 'n billike prys, vrywilligers om te help met versorging en skoolwerk/stimulasie, ens.

Toevoeging van vertrek by die huis.

Die Klein-gesin se baksteen huis blyk stewig te wees, maar daar is 'n paar verbetering nodig om dit veilig en gemaklik te maak om Ciska tuis te versorg. Daar is 'n span (argitek en bouer) wie hierdie projek gaan aanpak.

Opknappings werk in en om die huis vir veiligheid en gemak sluit in:

- **Elektrisiteit** moet gediens en beveilig word aangesien Ciska lewensnoodsaaklike masjiene gebruik wat met elektrisiteit werk. Die boer is bereid om die "Pre-paid" sisteem op te dateer, maar die diens van 'n **elektrisiën** word benodig.
- Sonbattery (**Solar battery**) vir krag in die geval van kragonderbrekings.
- 'n **Loodgieter** om water (wat tans buite beskikbaar is) te herlei na die badkamer.
- Herstel die **dak en plafonne**.
- Herstel die **dakgeute** en installeer 'n **water opgaartenk**. (Daar word baie water benodig vir mediese versorging.)
- Die **klipvloer** moet glad gemaak word vir rolstoel. Voorstel: bedek met linoleum.
- Die **grondpaadjie langs die huis** moet rolstoelvriendelik gemaak word. (Bou 'n "ramp".)

Verpleegsorg om die omgewing **gemaklik** te maak vir versorging, asook vir **voorkoming van bedseere**.

- **Enkelbed** (verkieslik 'n verstelbare- of hospitaalbed)
- "Ripple matrass"
- "Egg shell matrass"

Algemene benodighede vir ventilasie en verpleeging.

- Bedkassie vir die ventilator
- Kas of rakke vir toerusting en benodighede
- Hake om sakke aan te hang (nood en ander)
- Nagliggie (sodat Ciska en haar versorger dadelik kan sien wanneer sy hulp nodig het in die nag).

Ander toerusting wat versorging kan vergemaklik

- "Hoist" om haar op te lig tussen bed en rolstoel
- "Commode" - aangepas met wiele om oor die toilet te skuif tot binne in die stort, om daaglik haar toiletversorging te vergemaklik.

Weggooibare gebruiksitems

- Doeke
- Toiletware

Dienste van vrywilligers om die gesin te ondersteun met versorging

- Verpleging (dalk om Mamma bietjie af te los). Ervaring met trageostomies sal fantasties wees.
- Fisioterapie
- Arbeidsterapie
- Onderwysondersteuning (hulp met huiswerk en algemene stimulasie). Geen agtergrond nodig. Hulp sal verskaf word indien nodig.

Vermaak in haar kamer

- TV
- Radio met CD speler vir stories